Ons nooi jou uit om by die OBARO-span aan te sluit en saam 'n beter toekoms vir ons industrie te bou. OBARO glo daarin om 'n positiewe werkskultuur te kweek wat loopbaan-groei en innovasie aanmoedig, daarom is ons opgewonde om die OBARO kultuur met nuwe lede van die OBARO-span te deel. Met 90+ jaar se ondervinding streef OBARO daarna om die boer se besigheid op elke plaas te wees.

# LEERLINGSKAP 2025
# OBARO HOOFKANTOOR
## *(Verw.: 24/389)*

**Die doel van hierdie program is om potensiële Bestuurders en Finansiële Bemarkers vir OBARO Groep te identifiseer.**

Die suksesvolle kandidaat sal 'n jaarkontrak met OBARO onderteken wat tot 'n moontlike permanente aanstelling mag lei. Interne opleiding by OBARO Handelswinkels en Hoofkantoor, asook formele akademiese modules in 'n klas omgewing, sal aangebied word. Leerlinge sal ook praktiese blootstelling aan boerdery praktyke en finansiële ontledings geniet. 'n Kwalifikasie (NQF 5) in Algemene Bestuur sal, na die suksesvolle voltooiing van die leerlingskap, toegeken word.

**Vereistes vir gegradueerdes:**

- Enige relevante bestuur kwalifikasie;
- 'n Graad in Risiko Bestuur of Ondernemings/Besigheidsbestuur sal voorkeur geniet.

**Algemene vereistes:**

- Uitstekende interpersoonlike- en kommunikasievaardighede;
- Rekenaarvaardig in MS Office;
- Afrikaans- en Engels magtig;
- Eie vervoer; en
- Verplaasbaar.

OBARO bied die suksesvolle kandidaat 'n mededingende pakket, gebaseer op totale koste van indiensneming.

**Om aansoek te doen vir hierdie pos, besoek asseblief ons webwerf op [www.obaro.co.za/careers](www.obaro.co.za/careers)**

**Sluitingsdatum:** **Vrydag, 13 September 2024.**

*Die aanstelling sal gedoen word in ooreenstemming met OBARO se Gelyke Indiensnemingsplan.*

Deur om aansoek te doen vir hierdie pos stem u, in terme van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (PoPI), in dat u persoonlike inligting wat verkry word deur OBARO gebruik en gestoor mag word om, onder andere, verwysings na te gaan en vir kredietwaardigheid ondersoeke en statistieke verslag doeleindes.
Indien u 30 dae na die sluitingsdatum nog nie van ons verneem het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol is.